
'n Pastorale verkenning van die effek van 'pa-wonde', 'pa-honger' en 'pa-nood'

Prof Wentzel Coetzer (korresponderende outeur)

Buitengewone Professor

Departement Praktiese Teologie

Noordwes-Universiteit

Potchefstroomkampus

wentzel7@mweb.co.za

Ds Vian Louw

NG Gemeente Stilbaai

Stilbaai

vian400h@gmail.com

Abstract

A pastoral exploration of the effect of 'father wounds', 'father hunger', and 'father need'

In this article firstly a couple of historical markers will be indicated with reference to the concepts of 'father wounds', 'father hunger' and 'father need'. The void referring to research on the terrain of this theme will then be raised, as well as the onslaught on the role of the father in general. Five contributing factors to 'father wounds', 'father hunger' and 'father need' will be consecutively discussed, namely: family structures that are busy changing; changing career structures; parents who are forced to fulfil different roles and levels of involvement; the shift between traditional and contemporary gender roles; adult pleasure, the digital era, and the role of peer groups. The second part of the article focuses on a number of practical guidelines to restore the father relationship again. Aspects

that, for example, prominently figure here, are the following: identifying the problem; identifying the symptoms; collecting all the facts; identifying family secrets and family myths; verbalising that which had not been said before; re-formulating the past; processing the losses; to guard against impulsive overreactions; the importance of forgiveness; the invitation to others to share your journey; exploring new roles; the allocation of new meaning to the past; the experience of raising a son yourself; the discovery that there is only one Perfect Father, and by daily maintaining an intimate relationship with Him, can lead to the healing of wounds and the recovery of relationships.

Opsomming

In hierdie artikel word eerstens enkele historiese merkers aangetoon met betrekking tot sommige belangrike konsepte soos ‘pa-wonde’, ‘pa-honger’ en ‘pa-nood’. Die leemte met betrekking tot navorsing op die terrein van hierdie tema word vervolgens aan die orde gestel asook die aanslag op die rol van die pa oor die algemeen. Vyf bydraende faktore tot ‘pa-wonde’, ‘pa-honger’ en ‘pa-nood’ word agtereenvolgens bespreek, naamlik: gesinstrukture wat besig is om te verander; veranderende loopbaanstrukture; ouers wat gedwing word om verskillende rolle en vlakke van betrokkenheid te vervul; verskuiwing tussen tradisionele en kontemporêre geslagsrolle; en volwasse plesier, die digitale era, en die rol van portuurgroepe. Die tweede gedeelte van die artikel fokus op ’n aantal praktiese riglyne om die vadersverhouding weer te herstel. Aspekte wat byvoorbeeld hier prominent figureer, is die volgende: Identifisering van die probleem; identifisering van die simptome; versameling van al die feite; identifisering van familiegeheime en familiemites; verbalisering van dit wat nog nie vantevore gesê is nie; herformulering van die verlede; prosessering van die verliese; om te waak teen impulsiewe oorreaksies; die belangrikheid van vergifnis; die uitnodiging aan andere om jou reis mee te maak; die ondersoek van nuwe rolle; die toekenning van nuwe betekenis aan die verlede; die ervaring van self ’n seun groot te maak; die ontdekking dat daar slegs een Volmaakte Pa is, en deur in ’n daaglikse intieme verhouding met Hom te verkeer, wat kan lei tot die genesing van wonde en die herstel van verhoudings.

Inleiding

Ons bevind onself tans in 'n eeu van globale afwesigheid van, en 'hongerte' na pa's (Campbell & Demi, 2000:267; Miller, 2012:194). Teen hierdie agtergrond is dit geloofsversterkend dat die Skrif na God verwys as "n Vader vir weeskinders en 'n beskermer van die reg van weduwees ..." (Ps 68:6). 'n Profetiese uitspraak reg aan die einde van die Ou-Testament beklemtoon ook God se bekommernis oor die verhoudings tussen vaders en kinders waar Hy in Maleagi 4:5-6 sê dat Hy deur 'n uitverkore gesant dramatiese veranderinge in die toekoms tussen vaders en kinders tot stand gaan bring:

Ek gaan vir julle die profeet Elia stuur voordat die dag van die Here kom, die groot, die verskriklike dag. Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen sodat Ek nie hoef te kom en die land heeltemal vernietig nie.

'n Gedeelte soos hierdie beklemtoon dat God intens besorg is oor die mens en sy/haar verhoudinge, dat Hy ten volle op hoogte is van die negatiewe gevolge van die verwydering tussen vaders en hul kinders en inderdaad bereid is om vaders en kinders weer versoen te kry (Hawkins, Dollahite & Rhodes, 1993:291).

Die emosionele gevolge van 'n situasie waar kinders sonder 'n pa moet opgroei, word oor die algemeen in die literatuur as 'n geweldige uitdaging beskryf en is wyd gedokumenteer (vgl. Popenoe, 1996; Buske, 2007; Cairney, 2016; Richter, Chikovore & Makusha, 2010). Die eise wat dit meebring is hoog, en sonder die nodige ondersteuningstrukture is die gevolge gewoonlik baie negatief. Chiles (2013:126) verwoord iets hiervan as volg: "*And the results of a child being raised without his father's involvement can be just as devastating as a plane with one wing.*" In hierdie verband wys hy op navorsing ten opsigte van swart seuns en dogters wat opgegroeï het binne huishoudings sonder 'n pa, wat uiteindelik 'n baie groter risiko geloop het ten opsigte van betrokkenheid by aspekte soos dwelm- en alkoholmisbruik, geestesiektes, selfmoord, swak opvoedkundige prestasies, tiener-swangerskappe en kriminele betrokkenheid.

Bradshaw (1996:144) wys op kliniese studies wat aangedui het dat waar 'n pa ontbreek, kinders dit dikwels moeilik vind "... *learning to delay gratification*". Die gevolg hiervan is dat daar in talle soortgelyke situasies dan armoede en skaarste is en dat sulke kinders soms neig om alles in die hande te kry wat hulle kan, en terwyl hulle kan. Sulke kinders is volgens Bradshaw (1996:144) ook kwesbaar vir gevoelens van minderwaardigheid en skaamte. "*It has also been shown that the absence of a father often causes his children to feel a deep sense of shame.*" Bradshaw (1996:144) pas laasgenoemde stelling op homself toe as kind wat opgegroeï het onder 'n pa wat 'n alkoholis was:

I was constantly reassured by my mother that my father loved me – a reassurance that never felt right, as there was no behavior to prove it. My father’s abandonment will always be a deep wound I have to live with.

Rev. David Stansbury (2009) skryf oor sy belewenis van jongmense as leraar van ’n multikulturele gemeente in die sentrale stadsgebied van Port Elizabeth. Hy beskryf hierdie jongmense as “*a fatherless generation*” en hy sê dat die gemeenskaplike faktor wat die lewens karakteriseer van almal wat in die stadsentrum woon, gebrokenheid is. Hierdie gebrokenheid is sigbaar in die aanwesigheid van talle destruktiewe faktore binne daardie gemeenskap, soos armoede, misdad, werkloosheid, prostitusie, siektes, dwelms, bendes en gebroke huise en -huwelike. Hy wys op ’n ondersoek wat aangetoon het dat meeste mans meer as een seksuele maat per week het. Jong vroue raak op hierdie wyse swanger en gee geboorte aan kinders wat nooit hulle pa’s sal ken nie. “*The fathers vanish into the ‘night’. Their only responsibility was to sow ‘the seed.’*” Tydens hul bediening in hierdie middestad-gemeente het Stansbury en sy span oor die jare dikwels te doen gekry met hierdie tipe opgroeiende jeug:

Our experience of these children – surprisingly most of them boys – is that they are restless, frustrated, angry and confused. They are often seen vandalizing and committing petty crimes. Their single parents – mostly mothers – clearly are unable to control them, supervise them or give them guidance. They are left to their own devices and have to find their own feet in life. This is the generation of young men that is rising up around us ... angry, confused and frustrated (Stansbury, 2009).

Wat Suid-Afrika betref, is hierdie inderdaad ’n uitdagende probleem en is laasgemelde situasie waarskynlik tipies van talle midde-stedelike gebiede in ons land.

1. Fokus, sowel as basiese vertrekpunte

In hierdie artikel word die volgende probleemstelling ondersoek: Wat is die moontlike pastorale implikasies van konsepte soos ‘pa-wonde’ en ‘pa-honger’ (en later ook ‘*father need*’)? Teen hierdie agtergrond word daar vervolgens gelet op die leemte in navorsing op hierdie terrein, die aanslag op die rol van die pa, bydraende faktore tot ‘pa-wonde’ en ‘pa-honger’ en ten slotte ’n aantal praktiese riglyne om die vader-verhouding weer te herstel. Met betrekking tot metodologie is die vertrekpunt vanuit ’n psigologies-georiënteerde pastorale benadering.

2. Enkele historiese merkers

Sedert die geskifte van Sigmund Freud (1933) is die pa-seun verhouding dikwels gekarakteriseer as een wat vervleg is met spanning en ongemak. Kontemporêre akademiese literatuur aangaande die aard van die pa-seun verhouding is geneig om grootliks die klem te plaas op die kritiese rol wat die pa vervul met betrekking tot die wyse waarop die seun homself sien as 'n ontwikkelende volwassene (vgl. Mormon & Floyd, 2006).

Volgens Eldredge (2001:69) het meeste mans iets ervaar van 'n 'pa-wond' in hul grootword proses. Diamond (2007:161) beskryf die 'pa-wond' as "... *an internalized, unresolved conflict between father and son*". Levant (1996:263) het selfs so ver gegaan as om te suggereer dat 'pa-wonde' so ingrypend van aard kan wees dat dit beskryf kan word as "*normative developmental trauma*".

Eldredge (2001:62) stel dit dat 'n seun vanaf sy pa en ook ander mans leer wie hy regtig is en wat sy manlikheid regtig impliseer:

A boy learns who he is and what he's got from a man, or the company of men. He cannot learn it any other place. He cannot learn it from other boys, and he cannot learn it from the world of women.

Vir talle moeders is dit gevolglik 'n kritiese fase wanneer die pa haar begin vervang as die middelpunt in hierdie seun se lewe. Soms verlaat 'n pa 'n gesin en dan plaas so 'n ma druk op 'n seun om die vakuum te vul wat die pa agter gelaat het. So 'n situasie kan egter ontwikkel in 'emosionele bloedskaande' met intense emosionele skade vir die seun. Die seun worstel innerlik egter met 'n vraag waarop hy 'n antwoord soek en hierdie antwoord is sy ma nie in staat om te gee nie.

Femininity can never bestow masculinity. My mother would often call me 'sweatheart', but my father called me 'tiger'. Which direction do you think a boy would want to head? (Eldredge, 2001:64).

3. Die leemte van navorsing op hierdie terrein

Dollahite (1998:6) wys op die feit dat alhoewel daar reeds 'n groot hoeveelheid navorsing op mediese terrein en op die terreine van die sosiale wetenskappe is wat die positiewe invloed van godsdiens bevestig ten opsigte van fisieke- en geestesgesondheid (vgl. in hierdie verband Backus, 1998; Koenig, 1998; Pargament, 1997), het die navorsing ongelukkig nog relatief min lig gewerp op die interaksie tussen godsdiens en vaderskap.

Miller (2012:195) wys op die verrassend min navorsing wat tot dusver gefokus was spesifiek op die vraag na watter persentasie volwasse mans van mening sou wees dat daar ’n behoefte aan heling is ten opsigte van hul verhouding met hul pa’s, en indien wel, hoe om sodanige heling te bekom. Een van die min uitsonderings waarop Miller wys, is die studie van Katz (2002) met betrekking tot ses pare van pa’s en hul volwasse seuns. As rede vir die gebrek aan navorsing op hierdie terrein wys Katz (2002:16) op die besonder lae respons en terugvoering wat hy gehad het in sy eie navorsing “... *due to the sensitive nature of the topic*”. Verder koppel hy dit ook aan die talle temas van “*grief and horror*” wat hy telkens in hierdie persoonlike verhale beleef het.

3.1 Aanslag op die rol van die pa

Verskillende uitdagende studies is reeds gepubliseer met die oogmerk om te probeer bewys dat die rol van die pa nie noodwendig so belangrik is nie. Hierdie aanslag kon ’n verdere rol gespeel het in die demping van gesonde en gebalanseerde bydraes op hierdie terrein. Biblarz en Stacey (2010:18) poog byvoorbeeld om in ’n artikel bewyse te lewer dat die psigologiese en sosiale vlakke van kinders wat deur enkelmoeders grootgemaak is, hoër is as wat in die geval is met enkelvaders. Binne hierdie selfde trant spreek Peace (2000:15) sekere voorbehoude uit met betrekking tot die inherente logika agter ’n konsep soos ‘pa-wonde’:

I question whether there is some sort of universal need for men to have a particular kind of relationship with their fathers. The presumption underlying most of the work on father absence is the view that a son raised by a mother necessarily lacks something that can only be acquired from the father.

Blankenhorn publiseer in 1995 ’n boek met die titel, *Fatherless America*. Sy basiese uitgangspunt is dat ‘vaderloosheid’ die mees dringende sosiale probleem op daardie stadium in die VSA is. Talle argumente word aangevoer om te bewys dat dit die mees verontrustende krisis is wat gesinne in die oog staar.

Unlike earlier periods of father absence in our history, we now face more than a physical loss affecting some homes. We face a cultural loss affecting every home. For this reason, the most important absence our society must confront is not the absence of fathers but the absence of our belief in fathers (Blankenhorn, 1995:23).

Buske (2007) wys ook op ’n hedendaagse gemeenskap waarin talle vrae gevra word rondom die behoefte en selfs die verdere noodsaaklikheid van pa’s. In hierdie verband maak hy dan die volgende stelling:

Consider the work of Dr Peggy Drexler, *Raising Boys Without Men: How Maverick Moms Are Creating the Next Generation of Exceptional Men*, Rodale Inc. 2005. She contends that father-absent homes – particularly “single mother by choice” and lesbian homes – are the best environment for boys (From Glenn Sacks, Sociology Professor, Yale, weblog, August 31, 2005)(Buske, 2007).

Inleidend tot sy boek, *On men. Masculinity in crisis* (2001:23) sê die psigiater Anthony Clare die volgende:

Serious commentators declare that men are redundant, that women do not need them and children would be better off without them. At the beginning of the twenty-first century it is difficult to avoid the conclusion that men are in serious trouble.

4. Drie verwante konsepte

Vanuit die literatuur blyk dit dat die volgende drie konsepte enersyds baie nou verwant is, maar andersyds elkeen individueel fokus op 'n unieke komponent met betrekking tot die tema waaroor hierdie artikel in die breë gaan. Die drie konsepte is die volgende: 'pa-wonde', 'pa-honger' en 'pa-nood' (*father-need*). Ons let vervolgens kortliks op elk hiervan.

4.1 *Pa-wonde*

Wat die konsep van pa-wonde betref is daar reeds in die voorafgaande bespreking 'n aantal tersaaklike aspekte vermeld. 'n Aspek wat verder ook in die literatuur na vore kom is die relevansie daarvan met betrekking tot algemene geestesgesondheid. Jonathan Diamond is 'n psigoterapeut wat in 2006 'n boek gepubliseer het met die titel, *Fatherless sons*. Dit word geskryf teen die agtergrond van 'n eie pa wat 'n alkoholis was en homself uiteindelik opgehang het en Jonathan wat as seun op hom afgekom het. Hy fokus vervolgens op die intense pyn wat talle mans beleef (selfs waar hul vaders fisies nog lewe) met betrekking tot die verhouding met hul pa's.

Daar is 'n oormaat van getuienis wat die negatiewe effek van afwesige vaders op mans en op die gemeenskap in die breë bevestig. Mans binne hierdie kategorie neig volgens hom oor die algemeen tot 'n lae selfbeeld, worstel om intieme verhoudings te vestig, en sou ook 'n groter risiko kon loop om in antisosiale of gewelddadige gedrag betrokke te raak (vgl. ook Balcom, 2002:284; Dishion, Owen & Bullock, 2004:107; Pope, 2001:370).

Miller (2012:193) wys op die feit dat by beide seuns en mans die tema van hul eie identiteit gewoonlik tot 'n spits gedryf word wanneer hulle probeer

om die gevolge van hul eie vaders se letterlike of simboliese afwesigheid te begryp. Palkovitz (2002:5) som die effek hiervan kortliks as volg op:

Fathers who are abusive, substance dependent, or unpredictably vacillating between warmth and harshness, and those who are consistently detached or absent, create developmental deficits for their children to overcome.

4.2 Pa-honger

Miller (2012:197) wys op die konsep van ‘pa-honger’ as aanvullend tot dié van ‘pa-wonde’. Hy verwys na Herzog (1981) as een van die eerste navorsers wat gefokus het op die diep gesetelde angs en gevolglike disfunksie wat ervaar is deur seuns en mans wie se vaders afwesig was in hul lewens. In die afwesigheid van beide fisiese en emosionele bande floreer sodanige pa-honger en word dit dikwels ook vanaf een generasie na ’n volgende oorgedra (vgl. Erickson, 1996:39).

Perrin, Baker, Romelus, Jones en Heesacker (2009) bied een van die min empiriese ondersoeke na die konsep van ‘pa-honger’ wat hulle as volg definieer:

The emotional and psychological longing that a person has for a father who has been physically, emotionally, or psychologically distant in the person’s life (Perrin *et al.*, 2009:315).

Teoreties blyk die konsep van pa-honger presies die teenoorgestelde te wees van dié van die konsep van pa se teenwoordigheid waar die veronderstelling daar is dat die pa ’n konsekwente en positiewe invloed op die kind se lewe uitoefen. Volgens Miller (2012:197) bied die konsep van pa-honger bykomende getuienis ten opsigte van die potensieel vernietigende gevolge van ’n pa wat fisies of emosioneel nie beskikbaar is nie.

4.3 Pa-nood (father need)

Buske (2007) beklemtoon die konsep van ‘pa-nood’ (‘father need’) terwyl hy ook in sy lesing onder andere wys op die talle nadele van ’n opvoedingsmilieu sonder ’n vaderfiguur:

Fathers are indeed needed and necessary. Fathers aren’t optional. Only fathers can father and only he can bring his uniqueness into the child’s life and wellbeing. This is not to diminish in any way the same absolute value the mother brings. It is simply meant to underscore our children’s need for their father.

Kyle Pruett is ’n kliniese professor in psigiatrie by die Child Study Center van die Mediese Skool van Yale Universiteit. Hy het in 2000 ’n boek gepubliseer met die titel, *Fatherneed. Why fathercare is as essential as mother care*

for your child. Deur noukeurige navorsing fokus hy op die absolute kritiese waarde van die rol van die pa. Sy basiese vertrekpunt is dat “*Men are the single greatest untapped resource in the lives of American children*” (Pruett, 2000:33). Hy beklemtoon die noodsaaklike betrokkenheid van die pa reg van die begin van swangerskap af en toon aan hoedat suigelinge reeds ‘*prewired*’ is met die oog op ’n noue verbintenis aan beide mans en vroue. Hy beskryf vervolgens die lewenslange voordele van hierdie wedersydse afhanklike verhouding, wat hy ‘*fatherneed*’ noem, asook die kritiese rol wat dit vervul enersyds in die ontwikkeling van die kind, en andersyds wat betref die emosionele en fisiese gesondheid van mans in besonder.

5. Bydraende faktore tot pa-wonde, pa-honger en pa-nood

In ’n insiggewende artikel beskryf Cairney (2016) ’n aantal betekenisvolle tendense in gesinne en ouerlike praktyke die afgelope aantal dekades. Volgens Cairney is die resultate gebaseer op demografiese navorsing met betrekking tot gesinne op ’n globale skaal. Die aspekte wat deur Cairney vermeld word, dra tegelykertyd ook by tot ’n groter uitdaging aan pa’s om kwaliteit tyd saam met hul gesinne en in besonder met hul kinders deur te bring. Van die belangrikste aspekte wat vermeld word, is onder andere die volgende:

5.1 *Gesinstrukture is besig om te verander*

Tussen 1986 en 2001 het die aantal enkelouer gesinne globaal gesproke toegeneem met 53%. Daar word verwag dat die persentasie van kinders tussen 0-14 jaar wat by enkel ouers woon, sal styg vanaf 19% gedurende 2001 tot soveel as 33% in 2026 (Cairney, 2016).

Wat Suid-Afrika betref verwys Hawkins (2015) na ’n verslag wat deur Statistiek Suid-Afrika gedurende 2015 vrygestel is waarin gemeld word dat meeste huishoudings deur enkelmoeders behartig word:

The numbers revealed that 31% of mothers were recorded as being married, meaning it’s possible that the father might be absent in the household or the child’s life. Over 1.1 million births were registered, but 64% had no information on fathers. According to statistician general, Pali Lehohla, who presented the report in parliament, 886 202 babies were born last year. More than 50% of the women who gave birth were single (Hawkins, 2015).

Hawkins (2015) dui verder in haar artikel op die uiteindelijke agterstand wat kinders het wat opgroei in huise met ’n enkelouer wat ’n ma is, en wat nie

getroud is nie. In hierdie verband haal sy soos volg aan uit ’n studie van Prof Karen Kramer van die Universiteit van Illinois (UI):

Single mothers earn about two-thirds of what single fathers earn. Even when we control for such variables as occupation, numbers of hours worked, education, and social capital, the income gap does not decrease by much. Single mothers are far more likely to live in poverty than single fathers, and they do not catch up over time.

5.2 *Veranderende loopbaan (employment) strukture het ’n ál groter impak op gesinne*

Cairney (2016) toon aan dat lang ure van werk (50 ure en meer per week) ál meer algemeen geraak het sedert 1985, in besonder wat mans betref. In 2005 het 30% mans voltydse betrekkings gehad van 50 ure per week (of meer) teenoor 22% gedurende 1985. ’n Groter persentasie moeders is ook deesdae verplig om voltyds te werk as wat vantevore die geval was. ’n Verdere verontrustende tendens wat Cairney (2016) aantoon is die volgende: *“An even more worrying trend for families is that many parents increasingly work in multiple jobs in non-family-friendly hours.”*

Wat die Suid-Afrikaanse konteks nog meer kompliseer teen die agtergrond van bovermelde gegewens, is die feit dat daar tans ’n werkloosheidsyfer van ongeveer 25% in die land is (vgl. in hierdie verband SAnews.gov, 2016). Talle ouers is dus ook sonder inkomste, en dit op sigself het ’n magdom van implikasies in terme van ouerskapstyl.

5.3 *Ouers word gedwing om verskillende rolle en vlakke van betrokkenheid te vervul*

Wat hierdie kategorie betref toon Cairney (2016) aan dat resultate daarop dui dat pa’s die afgelope aantal jare in ’n ál minder mate betrokke geraak het by kinders terwyl ma’s ook ál minder ure tuis kon wees as in die verlede as gevolg van beroepsverpligtinge. Vir ’n groep seuns met ’n lae selfbeeld aan wie gevra is na wie hulle sal gaan vir emosionele ondersteuning, het 23% byvoorbeeld aangedui dat hulle hul pa sou kies terwyl 44% aangedui het dat hulle eerder hul ma sou kies. Aan ’n groep 11-16 jariges wie gevra is na wie hulle sou gaan om raad met betrekking tot loopbaankeuses na die ouderdom van 18, het 10% aangedui dat hulle na hul pa sou gaan terwyl 33% aangedui het dat hulle eerder na hul ma sou gaan vir raad.

Wat betref die Suid-Afrikaanse konteks wys Richter *et al.* (2010:361) op die duisende kinders wat sonder pa’s se betrokkenheid opgegroeï het as gevolg van die apartheidsbeleid en die voortspruitende trekarbeid sisteem asook die gepaardgaande streng reëls daaraan gekoppel. Enersyds dui hulle

navorsing op die feit dat 45-50% van mans in Suid-Afrika die pa van 'n kind is (Richter *et al.*, 2010:360), en andersyds word die voorwaarde egter gestel:

Being able to live together as partners or to be married is primarily determined by income. For example, between the ages of 35 and 39 years, 56% of Black people who earn less than R2500 per month are likely to be married as compared to 65% of those who earn R2500 or more ... The failure and shame men feel when they cannot support their children, many being out-of-work, may cause men to avoid being involved with their children ... Desertion is not always physical, it can also be emotional. Many men 'die' as parents and husbands by indulging in alcohol, drugs or becoming unresponsive to their families (Richter *et al.*, 2010:361).

5.4 *Verskuiwing tussen tradisionele en kontemporêre geslagsrolle*

Richter *et al.* (2010:360) wys op 'n verdere bydraende faktor tot die status van vaderskap en dit hou verband met wat hulle noem die verskeidenheid en steeds wisselende konstellasies van verhoudings en ouerskap binne die laat 20e en vroeg 21e eeue. Dit het volgens hulle daartoe gelei dat mans en vroue wêreldwyd vasgevang geraak het tussen tradisionele en kontemporêre geslagsrolle binne gesinne en in verhouding tot kinders. In hierdie opsig is Suid-Afrikaanse pa's nie veel verskillend van mans op ander plekke nie.

In dieselfde verband formuleer Giddens (2003:51) hierdie aangeleentheid as volg:

Among all the changes going on in the world none are more important than those happening in our personal lives in sexuality, relationships, marriage and the family. There is a global revolution going on in how we think of ourselves and how we form ties and connections with others. It is a revolution advancing unevenly in different regions and cultures, with many resistances.

5.5 *Volwasse plesier, die digitale era, en die rol van portuurgroepe*

Dollahite (1998:4) wys op 'n verskeidenheid van kragtige, komplekse en dinamiese magte wat vaders en kinders uitmekaar dryf. Sommige van die aspekte waarna hy verwys, is reeds in die bespreking hierbo vermeld. Belangrike bykomende aspekte is egter die volgende:

- 'n Toenemende kultuur van ekspressiewe individualisme wat volwasse plesier beklemtoon asook selfontwikkeling en wat 'n georiënteerdheid jeens kinders kan teëwerk.
- 'n Kragtige toenemende klem op 'n kultuur van jeugvermaak en ontspanning wat kinders se fokus meer rig op portuurgroepe.

- Toenemende werk-georiënteerde tegnologiese ‘indringers’ (*intrusions*) soos byvoorbeeld rekenaars, modems, selfone, tablette, ens., wat gesinslewe ontwig.
- Probleme vir pa’s om gewillige mentors te vind wat kinders in die middelpunt van hul lewens plaas.

6. Om die vader-verhouding te herstel

Dr James Schaller is ’n kinderpsigiater en teoloog in Philadelphia in die VSA wat in 1999 ’n boek gepubliseer het met die titel, *Rebuilding your father relationship*. Volgens hom worstel talle persone met ’n innerlike vakuum wat die gevolg is van ’n pa-hongerte, en hierdie spesifieke hongerte het ’n geweldige impak op hul totale lewenswyse. Die eerste stap in die genesing- en herbou proses van die verhouding (indien die pa nog lewe) is om die probleem te identifiseer.

6.1 Identifiseer die probleem

In hierdie verband maak Schaller (1999:15) van die volgende vraelys gebruik ten einde ’n aanduiding te verkry van onvoltooide pa-kind verhoudings. Beradenes ontvang vervolgens die opdrag om deur hierdie lys te werk en te besluit of enige van die volgende stellings op hulle van toepassing is:

- Wanneer ek aan my pa dink dan raak ek emosioneel – onseker, hartseer of kwaad.
- Wanneer ek by my pa is dan is ek gewoonlik nie myself nie; ek tree óf kinderagtig óf pretensieus/aanmatigend op (*grandiose*).
- Ek beskou my pa as wonderlik, maar andere dink dat ek myself bedrieg.
- Ek ervaar ’n gevoelloosheid teenoor my pa.
- Ek is sterk kompetierend en dit lei soms tot probleme.
- My motivering is swak omdat ek voel soos iemand wat uitgeslaan is in die kryt.
- Ek ervaar probleme met die vestiging van verhoudings.
- Ek beweeg gewoonlik te vinnig in nuwe verhoudings in.
- Ek is verward oor my identiteit – my pa het my nooit goed laat voel oor myself nie.
- Ek voel nie soos ’n werklike man nie.
- Ek het ’n gebrek aan vertroue in my vroulikheid.
- Ek voel onaantreklik.
- Ek voel inkompetent.

- Dit is vir my moeilik om te ontspan.
- Ek het probleme met my seksualiteit.
- Dit is vir my moeilik om selfgeldend (*assertive*) op te tree.
- Mense blyk die gevoel te hê dat ek hulle grense oorskry.
- Ek is bang om te naby aan andere te beweeg.
- Ek het 'n vrees vir verwerping (*abandonment*).
- Outoriteit laat my ongemaklik voel.
- My pa se kritiek het baie pyn veroorsaak – nou het ek 'n probleem om kritiek te aanvaar.
- God voel dikwels 'n miljoen kilometer vêr.
- Ek het min belang in spiritualiteit.
- Wanneer my pa nie die emosionele ondersteuning gee waaraan my ma 'n behoefte het nie, dan probeer my ma onbewustelik dat ek die ondersteuning sal gee.
- My ma maak oormatig van my 'n vertroueling.
- Ek en my pa praat nie openlik en eerlik oor ons lewens nie.
- Ek poog voortdurend om almal gelukkig te hou – veral teenoor pa-tipes of mentors.
- Ek hardloop op 'n kompulsiewe wyse na dinge en mense om myself te vertrou (self-medikasie).
- Ek word moeilik tevrede gestel.
- Ek lewe daaglik met 'n vae algemene vreesagtigheid.
- My ma se vriend irriteer my.
- My stiefpa en ek kom nie baie goed oor die weg nie.
- Ek is 'n ouer wat bekommerd is dat ek my pa en my oupa se foute sal herhaal.
- Soms voel ek soos 'n weeskind.

Bovermelde kenmerke en toestande word dikwels geassosieer met onvoltooide pa-kind verhoudings volgens Schaller (1999:16). Die afwesigheid van so 'n verbintenis skep 'n vakuum in die siel, 'n diep gewortelde 'pa-hongerte'. Pa-honger is gewoonlik die resultaat van "... *receiving too little quality fathering as a child or young adult*" Schaller (1999:17). Volgens Schaller is daar diegene wat argumenteer dat selfs volwasse mans en vroue, vaders of 'n surrogaat vader benodig en dat die afwesigheid van sodanige rolmodelle en ondersteuning geassosieer word met heelwat minder lewensvervulling.

6.2 *Identifiseer die simptome*

Aansluitend by die eerste stap van die identifisering van die probleem, volg nou tweedens, die identifisering van die simptome. Hierdie aspek word spesifiek vermeld deur die Christen-sielkundige, Dr David Stoop, in sy boek, *Making peace with your father* (2014:190). Hy sê dat hyself vir baie jare een van daardie groep was wat geweier het "... *to face the unacceptable*" (2014:190). Sy pa het gesterf toe David 22jr oud was en een van die gevolge was dat David hom op 'n troontjie geplaas het, hom geïdealiseer het. Dit was sodoende vir hom meer gemaklik om die feit te ignoreer dat hy eintlik vir die grootste gedeelte van sy lewe, tot en met sy pa se dood, hom as 'n emosionele afwesige figuur beleef het. Hierdie was 'n gegewe wat hy in sy geheue onderdruk het en eintlik nooit daarvoor wou dink of dit onthou nie.

"The problem with trying to keep our fathers in the past is that the unresolved past is never really in the past" (Stoop, 2014:190). Die verlede is op 'n konstante wyse besig om deur te breek in die hede in en probeer om uitdrukking te gee aan sigself in die hier en die nou. David sê dat hy homself al meer betrap het waar hy optree en ook dinge sê presies soos sy pa dit gedoen het. Dit was juis dan dinge wat hy homself belowe het hy nooit sou doen presies soos sy pa dit gedoen het nie. Dit was egter eers nadat hy begin verstaan het hoedat sy vroeëre ervaringe met sy pa hom beïnvloed het, dat hy in staat was om deur sy verlede te werk en dit finaal agter hom te plaas

In sy boek, *Wild at heart*, wat grootliks gefokus is op die verhouding tussen pa en seun, beskryf John Eldredge die eerste belangrike stap van die helingsproses ten opsigte van pa-wonde, as die aksie om aan God te vra om jou eie verwonding aan jou uit te wys, en dit dan te erken (Eldredge, 2001:120-138). Dit sluit grootliks aan by McClung (1985:58) wat die eerste stap onderweg na heling beskryf as die bereidwilligheid om jou behoefte aan genesing te erken. *"All of us need healing and growth in our emotions and personalities. Don't feel that you are an exception."*

6.3 *Versamel al die feite*

Volgens Stoop (2014:197) is die beste benadering rondom hierdie volgende stap om met ander gesins- en familieleden te gesels en vrae te vra met betrekking tot verskillende fases van jou eie kinderjare. Gaan kyk ook weer na foto's wat jy mag hê van jouself as kind en vra ook om na soortgelyke foto's te kyk van jou wat familieleden mag hê. Let op die uitdrukking op jou gesig, watter emosies jy daar gereflekteer sien.

Indien jou pa steeds lewe en jy in staat is om kontak met hom te hê, probeer dan ook om tyd met hom te spandeer en vra hom dan uit aangaande daardie vroeë stadiums van jou lewe asook betreffende sy eie kinderjare se ervarings met sy pa. Indien jou pa egter reeds oorlede is of om een of ander rede nie gekontak kan word nie, probeer dan om kontak te maak met sy broers of susters ten einde soveel moontlik inligting by hulle te probeer bekom. Namate jy besig is om al die feite te versamel, moet jy ook boek hou van alles wat jy ontdek – maak notas van hoe jy jou pa ervaar het en die simptome in jou lewe wat moontlik met hom verband mag hou.

Met verwysing na die versameling van feite sê Schaller (1999:156) dat onverwerkte emosies teenoor pa's gevaarlik kan wees omdat dit baie maklik deur kinders 'uitgereageer' kan word indien hierdie emosies nie doelbewus gekonfronteer en uitgesorteer is nie. *"We commonly repeat many of our fathers' behaviours – especially those that hurt us."*

'n Belangrike aspek wat hierby aansluit is om volgens Schaller (1999:157) soveel moeite moontlik te doen om jou pa so goed moontlik te probeer ken – sy verhaal, sy omstandighede, sy vrese, sy hartseer, sy vreugdes, ens., want, soos hy dit stel, in 'n sekere sin is jou pa as't ware 'in jou'. Hoe beter jy hom dus gaan leer ken, hoe beter gaan jy jouself verstaan. *"His likeness dwells in your body, his words echo in your mind, his fears move you, and his dreams motivate you"* (Schaller, 1999:157).

Daar mag moontlik nog pyn in jou binneste wees maar dit gaan nie help om dit dieper weg te bêre nie. Sulke pyn moet eerder gekonfronteer en verwerk word anders spring dit elke keer weer uit die kas wanneer iemand die deur oopmaak. Daarom, ten einde die pyn wat jy ervaar te kan verwerk, is dit belangrik dat jy jou pa sal verstaan so goed as wat jy moontlik kan.

6.4 Identifiseer familie-geheime en familie-mites

Volgens Stoop (2014:199) kan daar in sommige gesinne mites oor mans in die algemeen wees – dat hulle byvoorbeeld groot babas is, nie vir hulself kan opstaan nie en nie vertrou kan word nie. Mites is oor die algemeen nie die waarheid nie. Familie-geheime is gewoonlik moeiliker identifiseerbaar as mites aangesien niemand ooit daarvoor praat nie en dit dus verborge is.

By geleentheid is dit ook belangrik om 'n neutrale party op hierdie punt te betrek – iemand buite jou gesin van oorsprong en ook buite jou huidige gesin. So 'n betroubare vriend/in kan soms indringende vrae vra wat ons kan help om sekere dinge helderder te sien. Neem 'n paar minute om die dinge neer te skryf wat aan jou gesê is omtrent jou pa of omtrent mans oor

die algemeen gedurende jou grootword proses. Hoeveel van daardie dinge besef jy nou is nie die waarheid nie?

Wat betref familie-/gesinsgeheime is dit ook belangrik om kennis te neem van John Bradshaw (1996:152) se waarnemings in hierdie verband:

The feelings your father prohibited in you are usually a clue to his dark secrets. A father who cannot let his children cry (usually his male children) usually has a secret – he desperately needs to cry, but he condemns that need in himself. A father who ridicules his children's fear is also hiding his own secret fear.

Waarnemings soos hierdie help ons om onself beter te verstaan.

6.5 Verbaliseer dit wat nog nie vantevore gesê is nie

Op hierdie stadium moet daar volgens Stoop (2014:204) met die betroubare vriend (na wie daar in die vorige punt verwys is) gedeel word hoe jy *voel* oor alles wat jy besig is om te ontdek: vrees, woede, skuldgevoelens, skaamte, ens. Kragtige emosies soos hierdie is ’n natuurlike deel van die helingsproses maar dit moet erken word en daar moet ook hieraan uitdrukking gegee word. Namate jy ál meer gemaklik raak om te praat oor jou pa-kwessies, het dit tyd geword om dit ook te begin deel met iemand binne jou gesin van oorsprong – begin by die persoon teenoor wie jy die veiligste voel.

As deel van Eldredge (2001:120-138) se tweede stap van sy voorgestelde genesingsmodel, moet die emosioneel-verwonde pa teenoor God en teenoor ’n ander persoon wat hy vertrou, sy hartseer uitspreek – volgens Eldredge moet daar op hierdie punt dan ook pastorale begeleiding ontvang word indien nodig. McClung (1985:63) verwys ook na die belydenis van negatiewe emosies:

Some of us go through life collecting negative emotions. Many of us were not taught how to identify or communicate our feelings, so we have stored anger, disappointment, fear, bitterness, guilt, and other negative feelings since early childhood.

6.6 Herformuleer die verlede

Tot dusver is daar so goed moontlik probeer vasstel wat presies alles met ons gebeur het in die verlede en in ons verhouding met ons pa’s. Op hierdie punt het dit volgens Stoop (2014:206) tyd geword om nou te fokus op dit wat *nie gebeur het nie*, dit wat ons dus misgeloop het of wat van ons weerhou is.

Hierdie aspek is van kritiese belang tydens die rouproses aangesien ons nie oor verliese kan rou tensy dat ons duidelike insig het ten opsigte van wat ons verloor het nie.

6.7 *Prosesseer die verliese*

Om woede te prosesseer is 'n belangrike faset van die rouproses. “*To a large extent, making peace with our father is a matter of working our way through the grieving process*” (Stoop, 2014:208). Stoop wys op die volgende vier belangrike aspekte van die rouproses: ontkenning, woede, hartseer en aanvaarding. Die eerste aspek is altyd ontkenning – aan die ander kant van die rouproses is *aanvaarding*, waar die persoon vrede gemaak het met sy/haar verlies en grootliks aanvaar wat gebeur het. Tussen ontkenning en aanvaarding is daar egter twee groot emosies wat geprosesseer moet word, naamlik *woede* en *hartseer*.

Mans is geneig om maklik uiting te gee aan die woede maar steek dan vas by die tranes en die hartseer – dit belemmer dan die rouproses en gaan oor in bitterheid en onvergewensgesindheid. Wanneer daar egter vasgehou word aan die hartseer dan eindig die persoon gewoonlik by depressie (Stoop, 2014:209).

6.8 *Waak teen impulsiewe oorreaksies*

Baie persone se eerste reaksie sal wees, sodra hulle volle insig in hul eie situasie verkry het, om onmiddellik te wil poog om die probleem daadwerklik aan te spreek (Stoop, 2014:213). Wat persone dikwels vergeet rondom verhoudings met ouers is dat hulle soms vir jare onder negatiewe omstandighede gefunksioneer het en dat dit meestal maar eers tydens die jongste verlede is dat hulleself wyer perspektief en insig en 'n meer volwasse siening verkry het. Hulle hele lewe lank het hulle hul pa as 'n ouer en as 'n outoriteitsfiguur beskou en ook as iemand totaal buite hul verwysingsraamwerk om te beoordeel – slegs maar onlangs kon hulle meer na hom begin kyk as 'n mede-volwassene. Dit neem gevolglik tyd om al die nuwe informasie wat ontdek is, te assimileer en om die nuwe insigte wat ontwikkel het, te internaliseer. Dit het ons jare geneem om die ou begrippe en patrone van verhoudings ons eie te maak en daarom is ons dit aan onself verskuldig om onself genoeg tyd te gee om ook met die nuwes vertrouwd te raak.

6.9 *Die belangrikheid van vergifnis*

Geen aardse pa kan ooit heeltemal die toets slaag nie – insluitende onself. Wanneer ons die punt bereik dat ons hierdie waarheid begryp, is daar volgens Stoop (2014:221) vir ons geen ander keuse as om te vergewe en om vrede te maak met ons pa en voorwaarts te beweeg in die lewe onderweg na vreugdevolle heelheid. Verder word ons herinner aan die feit dat vergifnis iets is wat ons doen op grond van 'n berekende besluit.

Op die vraag, “Hoe weet ons wanneer ons gereed is om hierdie stap te neem?” gee Stoop die volgende sinvolle raad:

We know we are ready to forgive our father for the hurts of the past when we are able to be comfortable expecting little or nothing from him in the present and in the future (Stoop, 2014:222).

Eldredge (2001:120-138) lê in die derde stap van sy ‘model’ ook klem op die aspek van vergifnis en belydenis – veral belydenis van alle verkeerde optredes en gedagtes in reaksie op die verwonding wat ons aangedoen is.

Frost (2002:122) stel die vraag:

What is required of you for healing? To give your father a gift he may not deserve – forgiveness! Be willing to forgive your earthly father for each area in his life where he failed to represent Father God’s love. If you do not forgive, then you may end up carrying the baggage of father issues around for much of your life.

Rondom vergifnis beklemtoon McClung (1985:68) die volgende aspek:

It is important not only to forgive the ones who hurt you, but also to ask God for forgiveness for your wrong actions toward them.

6.10 Nooi ander uit om jou reis mee te maak

Dit is eers nadat ons die stap van vergifnis voltooi het dat ons gereed is vir die stap van konfrontasie: om dus na ons pa toe te gaan en aan hom te vertel wat ons ontdek het omtrent ons eie lewe en ook omtrent sy rol daarin (indien hy nog sou lewe) (Stoop, 2014:223). Indien die volgorde omgekeer sou word, naamlik om eers te konfronteer voordat daar vergifnis is, sal ons onvermydelik verwagtinge koester wat ons kwesbaar gaan maak vir teleurstelling en verdere pyn.

Verder is dit belangrik om te besef dat die doel met konfrontasie nie is om te blameer, of om ons negatiewe emosies af te laai of om te straf of om wraak te neem nie. Die doel is intendeel om heling vir onself en vir andere te bewerkstellig. ’n Verdere belangrike aspek is om ons pa, sowel as ander lede van ons gesin/familie, uit te nooi om by ons aan te sluit in ons reis onderweg na heling en herstel.

6.11 Ondersoek nuwe rolle

Ons het ’n punt bereik waar ons deur ’n proses van selfontdekking en selfbegrip gewerk het, en, nadat ons al ons verliese bereken het, in staat was om ons pa alles te vergewe wat hy aan ons verskuldig was. Ons het ook besluit om sekere persone, wat moontlik ons pa mag insluit, uit te nooi om ons toekomstige reis met ons mee te maak (Stoop, 2014:228).

Nadat ons ons pyn en woede erken het, hanteer het en dit uit die weg kon ruim, gaan ons verder vind dat ons heel waarskynlik by ander gesinslede verby beweeg het, insluitende ons pa, wat ons emosionele groei betref. In hierdie opsig is God dus genadiglik besig om *vir* my te gebruik om die siklus van intergenerasie sonde en pyn te termineer wat tot dusver 'n groot rol in my gesin/familie kon gespeel het. Ek word gevolglik 'n pasaangeër en die veranderinge wat deur genade in my kon plaasvind, word dan die basis waarop my hele gesin/ familie verder kan bou.

6.12 Laat die verlede nuwe betekenis kry (redeem the past)

Namate ons 'n duideliker prentjie verkry van alles wat ons verloor het of misgeloop het as gevolg van ons pa se afwesigheid of sy misbruik, is ons al meer in die versoeking om daardie vroeë jare as verkwiste jare te beskou. Ons kyk na die pyn en ons wonder watter doel dit nou eintlik gedien het? Dit alles blyk so nutteloos te wees.

In werklikheid kan niks verder van die waarheid af wees nie aangesien God vanuit elke krisis wat met ons gebeur uiteindelik nuwe sin en betekenis kan laat voortvloei. Elke ervaring, positief of negatief, verkry uiteindelik sy finale betekenis vanuit die wyse waarop God dit in ons lewens gebruik (Stoop, 2014:230).

Eldredge (2001:120-138) verwys as 'n laaste stap van sy model na die frase, '*examine your ways*'. Hiermee bedoel hy 'n noukeurige ondersoek met betrekking tot gedagtes, oortuigings en houdings vanuit die verlede wat moontlik steeds 'n negatiewe invloed op ons huidige menswees kan hê. Die opdrag is dan om jouself daarna deur nuwe oë te sien soos wat God jou sien as 'n nuwe skepsel.

6.13 Om self 'n seun groot te maak

Miller (2012:201) wys op die langtermyn genesende effek van pa-wonde wat gekoppel mag wees aan die grootmaak van 'n eie seun. Hy beklemtoon egter ook die gebrek aan navorsing spesifiek rondom hierdie aspek van pa-wonde. 'n Noemenswaardige uitsondering is egter die boek van Diamond, *My father before me: How fathers and sons influence each other throughout their lives* (2007). Diamond beskryf in detail hoedat die grootmaak van 'n eie seun mans kan help om vrede te maak met onverwerkte emosionele kwessies rondom hul eie pa's. Sy uitgangspunt is dat deur 'n eie seun groot te maak, empatie en begrip by die pa kweek vir sy eie pa se gedrag en besluite vroeër in die verlede.

6.14 ’n Persoonlike verhouding met God

Dollahite (1998:7) stel dat indien ’n pa glo dat daar ’n liefdevolle God is wat aan hom goddelike bystand sal voorsien in die grootmaak van sy kind, dan kan sy geloof aan hom die nodige moed gee ten tye van beproewinge en in dit alles is daar ’n helende en bevrydende dinamika.

If a father believes that God has called fathers to care for, protect and provide for, and teach and bless their children, then fathering becomes sacred service for God, not just a social role (Dollahite, 1998:7).

Godsdienstige praktyke soos deelname aan heilige rituele (as individue, as gesinne, of as pa’s en kinders tesame) en die oortel van heilige verhale kan transendente betekenis gee aan intergeneratiewe verhoudings. Praktyke soos gebed by maaltye, kerkbywoning en Skriflesings kan struktuur en betekenis gee aan gesinslewe. Ervarings met godsdienstige gemeenskappe en met persoonlike spiritualiteit kan ’n sin van transendente verbintenis met andere gee, aangesien gemeenskappe soos daardie gewoonlik hulself verbind tot verbonde en offers, wat op sigself weer ’n besondere band lê tussen die onderskeie lede van die betrokke gemeenskap (vgl. Dollahite, Slife & Hawkins, 1998:455).

Wat betref die helende waarde van ’n persoonlike verhouding met God sê McGlasson (2013:155) dat hy eers in staat was om sy gesin werklik te kon seën toe hy bereid was om die openbaring van die Vader se liefde toe te laat om elke deel van sy eie gebroke siel binne te dring:

I was able to bless my family when the Father I always wanted, changed my story – He increased my capacity to love others the way He loved me.

McClung (1985:70) voeg ’n aspek by wat aansluit by die gedagte van die handhawing van ’n persoonlike verhouding met God. Hy verwys daarna as om die liefde van God die Vader te ontvang. In antwoord op die vraag hoe dit realiseer, sê hy: “*Spend time in His presence.*”

6.15 Verskillende inisiatiewe om die band tussen pa’s en seuns te versterk

Verskillende outeurs het reeds die aandag gevestig op die sogenaamde *Men’s movement* (vgl. in hierdie verband Bly, 1990; Keen, 1991; Meade 1993; Moore & Gillette, 1992). In sy studie wat hy gemaak het van verskeie verteenwoordigers en eksponente van hierdie beweging (wat veral sedert die vroeë tagtiger jare sterk in die publieke oog was) som Dollahite (1998:9) dit soos volg op:

The leaders of the men's movement have not hesitated to bring the benefits of the ancient powers and blessings of religious faith practice, and community to men who have been struggling spiritually in a highly secular, skeptical, postmodern culture.

Dollahite (1998:8) gee vervolgens 'n lys van basiese konsepte wat hy binne die Men's movement geïdentifiseer het en wat hy beskou as in ooreenstemming met talle fundamentele "*experiential elements found in many religious communities*":

- Die belangrikheid van omgee en '*generative mentors*' soos pa's, oupa's, ouer mans soos gemeenskaps- en godsdienstige leiers.
- Die waarde van heilige mites of verhale waardeur betekenis aan individue gegee word en gemeenskappe saamgebind word.
- Inlywingsrituele ten einde transendensie en transformasie te fasiliteer.
- Die behoefte van mans om 'seën' te ontvang ('n bevestiging van waarde en potensiaal) vanaf '*elders*' (familie en gemeenskapsleiers).
- Gereelde byeenkomste gepaardgaande met seremonie en samesyn (*fellowship*) ten einde gemeenskappe saam te bind en individue die geleentheid te bied tot heling.
- Persoonlike transformasie deur middel van intense introspeksie, hartseer en berou, eerder as vermyding van transformasie deur ontkenning, onderdrukking, projeksie of blamering.
- Die kritiese belangrikheid van 'n verhouding en versoening met jou pa en uiteindelik ook jou Hemelse Vader.
- Die rol van heilige musiek wat help om mense te fokus weg vanaf die aardse en verganklike na die onverganklike – aspekte soos vreugde, opgewondenheid en transformasie.

Binne dieselfde verband van inisiatiewe om die band tussen pa's en seuns te versterk, kan ook verwys word na die stigting van 'n organisasie soos die *Promise Keepers*, gedurende Maart 1990 by die Universiteit van Colorado in die VSA, en wat uiteindelik ook uitloop op die stigting van takke in verskeie ander lande. Dit is 'n Christelike organisasie wat veral toegespits is op die vestiging van 'n gesonde geestelike basis en geestelike groei in die lewens van mans en seuns – verder is hulle ook gefokus op die stabilisering van huwelike.

Een van die historiese geleenthede wat hulle gereël het, het byvoorbeeld plaasgevind op 4 Oktober, 1997. James Ryle wat die boek, *Released from the prison my father built* (2010), geskryf het, het as hoofspreker opgetree

voor 1,4 miljoen mans en seuns en tydens hierdie geleentheid sy persoonlike getuienis gegee. Hyself, sowel as sy pa, het verskeie jare in die tronk deurgebring en sy getuienis fokus op die proses van versoening wat jare later plaasgevind het tussen hulle. Andersyds rig hy (ook in sy boek) ’n sterk appèl op alle persone wat moontlik nog vasgevang kan wees in ‘tronke’ wat deur hul pa’s gebou is (hy het later ontdek dat sy pa deel van die gevangenes-arbeid was wat die tronk gebou het waarin hyself sewe jaar opgesluit was).

In sy boek, *Passage to manhood*, gee Kevin Miles (2011) ’n beskrywing van die bediening van *Go the Distance Ministries* wat in Februarie 2006 in die westelike deel van Michigan in die VSA tot stand gekom het. Dit is ’n Christelike organisasie wat enersyds daarop gefokus is om seuns op ’n gesonde en Christelike wyse te begelei tot gebalanseerde volwassenheid; en andersyds om seuns en pa’s nader aan mekaar te bring.

Wat die Suid-Afrikaanse konteks betref is daar reeds vroeër in hierdie artikel gewys op die oorweldigende getal kinders wat sonder pa’s opgroei. In hierdie verband wys Richter *et al.* (2010:5) op verskeie inisiatiewe en programme wat reeds geloods is ten einde sekere van hierdie behoeftes aan te spreek:

- Die twee organisasies, *Fathers Speak Out en Men as Partners* is primêr daarop gefokus om uit te reik na mans.
- *Agisanang Domestic Abuse Prevention and Training* (ADAPT) is gefokus op die rol wat mans kan en behoort te vervul ten einde ’n nie-gewelddadige gemeenskap tot stand te bring. ADAPT voorsien ook berading aan mans ten opsigte van die rol wat hulle behoort te vervul teenoor hul kinders.
- *The Men as Partners* (MAP) netwerk poog om die verspreiding van HIV-Vigs teë te werk deur mans aan te moedig om geweld teen vroue en kinders teen te staan en meer betrokke te raak by HIV-Vigs verwante voorkoming, sorg en ondersteuning.
- *The Fatherhood Project* is in 2003 gestig deur die Human Sciences Research Council met die oogmerk om ’n positiewe invloed uit te oefen ten opsigte van die sosiale verwagtinge en persepsies van mans en hul sorg vir kinders, die vestiging van ’n sin vir medeverantwoordelikheid by mans ten opsigte van kinders se ontwikkeling en hulle ook meer betrokke te kry by hul kinders se persoonlike lewens.
- *Brothers for Life* is op 29 Aug 2009 gestig as ’n groot poging om mans te betrek in die stryd teen HIV-Vigs. Dit is gesamentlik geloods deur die Suid-Afrikaanse Nasionale HIV-Vigs Raad, die *John Hopkins Health and Education* organisasie in Suid-Afrika en *Sonke Gender Justice* groep. Die hoof boodskap van hierdie veldtog is die volgende:

There is a new man in South Africa. A man who takes responsibility for his actions. A man who chooses a single partner over multiple chances with HIV. A man whose self-worth is not determined by the number of women he can have. A man who makes no excuses for unprotected sex, even after drinking. A man who supports his partner and protects his children. A man who respects his woman and never lifts a hand to her. A man that knows that the choices we make today will determine whether we see tomorrow. I am that man and you are my brother (Richter *et al.*, 2010:6).

7. Daar is slegs een volmaakte Pa

McGlasson (2013:155) vertel van die persoonlike deurbraak wat hy gemaak het in sy eie emosionele genesing na baie verwonding gedurende sy kinderjare as gevolg van 'n stiefpa. Hy moes tot die ontdekking kom dat geen pa volmaak is nie behalwe God die Vader. Verder het hy tot die slotsom gekom dat talle persone emosioneel verwond geraak het in hul verhouding met aardse pa's, of vanweë die afwesigheid van 'n pa. Die gevolg hiervan is dat talle van hierdie individue worstel met 'n verdraaide vaderbeeld en veral ook 'n negatiewe godsbeeld. Om 'n helder en duidelike beeld van God die Vader te verkry, sal daar egter eers ontslae geraak moet word van al die gebroke 'vader-filters' wat meeste persone met hulle saamgedra het die volwasse lewe in. Hierdie gebroke 'vader-filters' is die uitvloeisel van al die negatiewe ervarings met hul eie pa's of ander outoriteitsfigure in die verlede.

Wanneer al die emosionele pyn genees is en ons vaderbeeld herstel is, eers dan kan ons na die God die Vader kyk soos wat Jesus Hom aan ons kom openbaar het. Filippus het in Johannes 14:8-9 aan Jesus gesê: "*Here, wys vir ons die Vader ...*", waarop Jesus geantwoord het: "*Wie My sien, sien die Vader ...*" (McGlasson, 2013:174; met betrekking tot God as die volmaakte Vader, vergelyk ook Schaller, 1999:185).

McClung (1985:72-77) se laaste twee stappe sluit aan by McGlasson se ontdekking van God as die Volmaakte Vader. Die laaste twee stappe word deur McClung beskryf as om eerstens jouself deurgaans met God se gedagtes besig te hou, en tweedens te volhard.

Don't give in to lies and condemning thoughts. Persevere – with God's help you can do it! Cry out to Him each time you fail; then start again.

8. Slot en samevatting

Indien die gevolge van pa-wonde, pa-honger en pa-nood so traumaties en ingrypend is as wat die literatuur suggereer die geval is en wat in hierdie artikel telkens bevestig is, dan is daar beslis voordele ten opsigte van manlike geestesgesondheid om deur ’n helingsproses te werk ten einde hierdie wond te heel. Daar is ’n rykdom van navorsing wat die waarde bevestig van die openbaarmaking van trauma uit die verlede met betrekking tot persone se uiteindelijke fisiese- en psigologiese gesondheid (vgl. byvoorbeeld Pennebaker, 1997; James & Friedman, 2009; James, Friedman & Matthews, 2002). In gelyke mate bevestig die literatuur die potensieële voordele van versoening tussen seuns en vaders, soos ook geblyk het uit hierdie artikel (vgl. verder ook Katz, 2002).

Wat die Suid-Afrikaanse konteks in besonder betref, is die konklusies van Richter *et al.* (2010:6; en wat basies ook ’n uitvloeisel is vanuit *The Fatherhood Project* waarna verwys is in hierdie artikel) baie toepaslik ten slotte:

- Elke kind het êrens ’n pa (of het een gehad), selfs al sou hulle nie saam met hom woon of hom dikwels sien nie. Verder is dit so dat talle mans, insluitende familielede, stiefvaders of pleegvaders onder andere, die rol van ’n pa vervul.
- Kinders het ’n behoefte en begeer die sorg en omgee van mans in hul lewens. Die idee van ’n pa of ’n pafiguur is vir hulle kosbaar. Aangesien hulle oor die algemeen geleer word om mans te respekteer, wil hulle graag tyd deurbring, geleer en begelei word deur mans. Kinders ervaar ook groot vreugde saam met mans deur avontuuragtige en uitbundige speletjies en ook deur betrokke te wees in die dinge wat mans doen.
- Indien dit nie vir mans moontlik is om saam met hul kinders te woon nie kan hulle egter steeds kontak behou met hul kinders. Kinders waardeur dit om gereeld van hul pa’s te hoor en te weet dat hulle pa’s steeds vir hulle omgee.
- Indien mans nie in staat is om materieel in hul kinders se behoeftes te voorsien nie, kan hulle steeds liefde en morele ondersteuning aan hulle bied.
- Mans behoort met tederheid en liefde teenoor hul kinders op te tree en hulle nie te benadeel nie. Mans is soveel groter en sterker as kinders en daarom behoort hul krag en sterkte gebruik te word om kinders oral te beskerm teen die kwade: in woonbuurtes, by die skool, op publieke vervoerstelsels en ook tuis.

Saam met McGlasson (2013:174) word daar finaal gekonkludeer dat slegs pa's wat in 'n daaglikse intieme verhouding tot God die Vader staan, in staat is om die tipe verpligtinge soos onder andere na verwys in bovermelde lys, te kan uitvoer.

Bibliografie

- BACKUS, W. 1998. *The healing power of a Christian mind*. Minneapolis, MN: Bethany House Publishers.
- BALCOM, D.A. 2002. Absent fathers: Effects on abandoned sons. *The journal of men's studies*, 6:283-296.
- BIBLARZ, T.J. & STACEY, J. 2010. How does the gender of parents matter? *Journal of marriage and family*, 72:3-22.
- BLANKENHORN, D. 1995. *Fatherless America*. New York, NY: Harper Collins Publishers.
- BLY, R. 1990. *Iron John: A book about men*. Reading, MA: Addison-Wesley.
- BRADSHAW, J. 1996. *Family secrets*. New York, NY.: Bantam Books.
- BUSKE, T. 2007. Fathers: the affect of father wounds, fatherlessness, and the value of fatherhood. Paper presented at the NACSW Convention, March 2007, Dallas, TX. <http://www.nacsw.org/Publications/Proceedings2007/BuskeFATHERSE.pdf> [Date of access: 7 Sept. 2015].
- CAIRNEY, T. 2016. The role of fathers. Aligning biblical wisdom and research. <file:///E:/Vian%20herindiening/Cairney%20-%20The%20role%20of%20fathers.pdf> [Datum van gebruik: 18 Maart 2016].
- CAMPBELL, C.L. & DEMI, A.S. 2000. Adult children of fathers missing in action (MIA): An examination of emotional distress, grief, and family hardiness. *Family relations*, 49(3):267-276.
- CHILES, N. 2013. What happens to boys when their fathers are missing? *Ebony*, 68 (8):126-129.
- CLARE, A. 2001. *On men. Masculinity in crisis*. London: Arrow Books.
- DIAMOND, M.J. 2007. *My father before me: How fathers and sons influence each other throughout their lives*. New York, NY.: Norton.
- DISHION, T.J., OWEN, L.D. & BULLOCK, B.M. 2004. Like father, like son: Toward a developmental model for the transmission of male deviance across generations. *The European journal of developmental psychology*, 1:105-126.
- DOLLAHITE, D.C. 1998. Fathering, faith, and spirituality. *The journal of men's studies*, 7(1):3-15.

- DOLLAHITE, D.C., SLIFE, B.D. & HAWKINS, A.J. 1998. Family generativity and generative counselling: Helping families keep faith with the next generation. (In: McAdams, D.P. & de St Aubin, E. (Eds.). *Generativity and adult development: How and why we care for the next generation*. Washington, DC: American Psychological Association. p. 449-481).
- ELDREDGE, J. 2001. *Wild at heart*. Nashville, TN.: Thomas Nelson.
- ERICKSON, B.M. 1996. Men’s unresolved father hunger: Intervention and primary prevention. *Journal of family psychotherapy*, 7:37-62.
- FREUD, S. 1933. *New introductory lectures on psycho-analysis*. New York, NY: Norton.
- FROST, J. 2002. *Experiencing father’s embrace*. Shippensburg, PA: Destiny Image Publishers, Inc.
- GIDDENS, A. 2003. *Runaway world: How globalization is reshaping our lives*. London: Profile Books.
- HAWKINS, C. 2015. Most SA households run by single moms. <http://www.sabreakingnews.co.za/2015/09/03/most-sa-households-run-by-single-moms/> [Datum van gebruik: 26 Maart 2016].
- HAWKINS, A.J, DOLLAHITE, D.C. & RHOADES, C. 1993. Turning the hearts of the fathers to the children. Nurturing the next generation. *BYU Studies*, 33:273-291.
- HERZOG, J.M. 1981. Father hurt and father hunger: The effect of a survivor father’s waning years on his son. *Journal of geriatric psychiatry*, 14:211–223.
- JAMES, J.W. & FRIEDMAN, R. 2009. *The grief recovery handbook*. New York, NY: Harper-Collins.
- JAMES, J.W., FRIEDMAN, R. & MATTHEWS, L.L. 2002. *When children grieve*. London: Harper.
- KATZ, S.H. 2002. Healing the father-son relationship: A qualitative enquiry into adult reconciliation. *Journal of humanistic psychology*, 42:13-52.
- KEEN, S. 1991. *Fire in the belly: On being a man*. New York, NY: Bantam Books.
- KOENIG, H.G. 1998. Religious attitudes and practices of hospitalized medically ill older adults. *International Journal of geriatric psychiatry*, 13:213-224.
- LEVANT, R.F. 1996. The new psychology of men. *Professional Psychology: Research and Practice*, 27:259–265.
- McGLASSON, E.T. 2013. *The father you’ve always wanted*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

-
- McCLUNG, F. 1985. *The Fatherheart of God*. Eugene, OR: Harvest House Publishers.
- MEADE, M. 1993. *Men and the water of life: Initiation and the tempering of men*. San Francisco, CA: HarperSanFrancisco.
- MILES, K. 2011. *Passage to manhood. A guidebook for initiating our sons*. Grand Rapids, MI: Heart & Life Publishers.
- MILLER, E.D. 2012. Why the father wound matters: Consequences for male mental health and the father-son relationship. *Child abuse review*, 22:194-208.
- MOORE, R. & GILLETTE, D. 1992. *The king within. Accessing the king in the male psyche*. New York, NY: William Morrow.
- MORMON, M.T. & FLOYD, K. 2002. A 'changing culture of fatherhood': effects on affectionate communication, closeness, and satisfaction in men's relationships with their fathers and their sons. *Western Journal of Communication*, 66:395-411.
- PALKOVITZ, R. 2002. *Involved fathering and men's adult development: Provisional balances*. Mahwah, NJ: Erlbaum
- PARGAMENT, K. L. 1997. *The psychology of religion and coping: Theory research and practice*. New York, NY: Guilford Press.
- PEACE, B. 2000. Beyond the father wound: Memory-work and the deconstruction of the father and the son relationship. *Australian and New Zealand journal of family therapy*, 21:9-15.
- PENNEBAKER, J.W. 1997. *Opening up: The healing power of expressing emotions* (revised edition). New York, NY: Guilford Press.
- PERRIN, P.B., BAKER, J.O., ROMELUS, A.M., JONES K.D. & HEESACKER, M. 2009. Development, validation, and confirmatory factor analysis of the father hunger scale. *Psychology of men & masculinity*, 10:314-327.
- POPE, M. 2001. Fathers and sons: The relationship between violence and masculinity. *The family journal* 9:367-374.
- POPENOE, D. 1996. *Life without father*. New York, NY: The Free Press.
- PRUETT, K. 2000. *Fatherneed. Why father care is as essential as mother care for your child*. New York, NY: Broadway Books
- RICHTER, L., CHIKOVORE, J. & MAKUSHA, T. 2010. The status of fatherhood and fathering in South Africa. *Childhood education*, 86(6):360-365.
- RYLE, J. 2010. *Released from the prison my father built*. Franklin, TN: Truth Works.
-

SANews.gov. 2016. South Africa's unemployment rate falls. <http://www.southafrica.info/news/business/unemployment-00715.htm#.Vve5q3pf02w>. [Datum van gebruik: 26 Maart 2016].

SCHALLER, J.L. 1999. *Rebuilding your father relationship*. Grand Rapids, MI: Fleming H. Revell.

STANSBURY, D. 2009. *The fatherless generation*. <http://www.ngkerk.org.za/westransvaal/documents/The%20Fatherless%20Generation.doc> [Datum van gebruik: 22 Mei 2009].

STOOP, D. 2014. *Making peace with your father*. Grand Rapids, MI: Revell.